

GEBRUIK VAN TEGNOLOGIE IN DIE WISKUNDE-KLASKAMER

Tegnologie word al meer prominent in klaskamers. Leerders gebruik skootrekenaars, tablette en slimfone terwyl hulle leer. In Wiskunde is daar handige materiale en hulpbronne wat onderwysers kan gebruik om leer te vergemaklik.

Tegnologie sal nooit die onderwyser in die klaskamer kan vervang nie, net soos geen tablet nou pen en papier kan vervang nie. Navorsing bevestig dat die belangrikste komponent in die wiskunde-klaskamer, die onderwyser is.

'n Goeie onderwyser is nodig om tegnologie sinvol te gebruik. Tegnologie in die wiskunde-klaskamer kan aangewend word om leer te vergemaklik, leer te ondersteun en vakinhoud te assesseer.



As ons verwys na die vergemakliking van leer sluit dit onder andere die voorbereiding en dag-tot-dag take wat onderwysers moet verrig, in. **Interaktiewe borde** is een van die middele wat gebruik kan word om leer te vergemaklik. Die sagteware van die bord het verskeie funksies, waarvan een is om inligting te stoor wat daarop geskryf word. Dus kan 'n les wat gedoen is, gestoor word sodat leerders wat stadiger skryf of later weer inligting wil hersien, dit kan gebruik. Die keuse van die tipe interaktiewe bord is geweldig belangrik, aangesien die sagteware van die verskillende bord-vervaardigers heelwat verskil en dat die funksionaliteit van die bord grootliks afhanklik is van sagteware.

GeoGebra is dinamiese sagteware vir Wiskunde-onderwysers van alle grade. Hierdie sagteware bring Meetkunde, Algebra, Grafieke, Statistieke en ander temas bymekaar. GeoGebra het 'n vinnig groeiende gemeenskap van miljoene gebruikers regoor die wêreld. GeoGebra het 'n vinnig groeiende gemeenskap van miljoene gebruikers regoor die wêreld. GeoGebra is die toonaangewende verskaffer van dinamiese Wiskunde-sagteware wat onderrig en leer wêreldwyd ondersteun. Die VAW het ook 'n **GeoGebra-tube** met hulpbronne wat onderwysers kan gebruik. Alle hulpbronne wat op GeoGebra is, kan gratis gebruik en afgelaai word. Jy kan die hulpbronne gebruik in jou klaskamer sonder dat jy toegang tot internet het. Sommige interaktiewe borde sluit ook GeoGebra-widjets in by die bord se sagteware.

Een van die belangrikste komponente is deurlopende assessering (formeel en/of informeel). Een van die Apps wat gebruik kan word om vinnige, papierlose assessering te doen, is **Plickers**. Elke leerder in die klas kry 'n bladsy met 'n figuur wat A tot D op het. Die onderwyser vra dan 'n vraag in die klas en wys 4 moontlike antwoorde. Die leerders draai dan die papier om sy/haar antwoord op die vraag te wys. Die onderwyser gebruik dan 'n App op sy/haar slimfoon om vinnig die antwoorde te versamel. Hierdie App kan op 'n slimfoon gebruik word sonder toegang tot internet het. Elke uitslag kan ook gekoppel word aan die leerder se naam indien dit vooraf ingevoer is.



Vir meer inligting of opleidingsgeleenthede om tegnologie in die Wiskunde-klaskamer te gebruik, e-pos/skakel gerus die VAW.

vaw@helpendehand.co.za

(012) 644-4390